# INTERVARSITY KOM!



**J. Heidema**
**Kerkstraat 48**
DIE MEES GEËERDE NAAM IN FIETSRY

**PUKKE!**
vir al u kleurbaadjies
**Johan Claassen Broers**
(EDMS.) BPK.
Tel. 3612
POTCHEFSTROOM
Tak: Tomstraat 90c

**die WAPAD**

*Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.* *In U lig sien ons die lig.*

JAARGANG XXIV — VRYDAG 8 AUGUSTUS 1969 — NR. 11

# Intervarsity-gees steek kop uit

**DIT STAMP EN LAWAAI en raas en tussen die pittige aanmerkings word daar nog lustig gesing ook. Die eerste volbloed sing-song-aand in die Totiussaal het 'n mens aan 'n klomp malende bokke in 'n bokkraal laat dink, maar toe die ergste stof gaan lê het, het daar twee duidelike voorbokke uit die stryd getree: Christo Piek en Koos Roelofse wat onderskeidelik hoof- en onder-dirigent is.**

Die Pukke wys sommer van die begin af dat hulle vanjaar die intervarsity met groot gees tegemoet gaan. Volgende week sal daar elke aand sing-songs wees om die studente tot raserny op te sweep, en die dirigente behoorlik te inisieer.

Die groot geeste aan die voorpunt van verrigtinge het die sluier gelig oor hul planne vir daardie dag.

Daar word planne beraam om die pawiljoen feestelik te versier en daar sal ook 'n plegtige opening van die wedstryd wees. 'n Fakkel word van Burgersdorp gebring en kandelare aangesteek. Onmiddellik daarna word die sportbelofte afgelê, waarna die S.R.-voorsitter, mnr. Callie Coetzee, aan die woord sal kom.

Etes sal die aand by Oude Molen verskaf word en Kovsies en Pukke sal gesellig om 'n kampvuur verkeer. Die Alabama-Studentegeselskap sal Saterdagaand 'n opvoering in die Sentrale eetsaal hou en teen elfuur sal die Kovsie-trein terug vertrek.

Die hoofdirigent van die Kovsies is Frans Stroebel.

Kobus van der Walt het Dinsdagaand ook die nuwe skaakreëlings bekendgemaak. Agt persone is die maksimum wat toegelaat word om Kovsies se dirigent te gaan skaak, en slegs hoof-dirigente mag geskaak word. Die skakery begin Sondagnag twaalf-uur. Geen hulp mag van Bloemfonteinse kolleges ingeroep word nie, en agtervolging van 'n geskaakte dirigent mag slegs plaasvind tot by die stadsgrense. Die geskaakte dirigent mag gevange gehou word slegs agter twee geslote deure, en die maksimum is vier wagte.

## Daar he'jy dit



Dis weer oestyd!

## Studentebloed benodig

DIE Potchefstroomse Bloedoortappingsdiens doen 'n dringende beroep op studente om bloed te skenk. Tot dusver was die ondersteuning onder die studente baie swak, het 'n verteenwoordiger van dié Diens in 'n onderhoud met Die Wapad gesê.

Die datums en koshuise vir bloedskenking is soos volg: Klawerhof — 4 Augustus en 6 Oktober; Huis Izak Meyer — 11 Augustus en 13 Oktober; Dawie Dup — 18 Augustus en 20 Oktober; Heimat en Kompleks — 25 Augustus en 27 Oktober; Huis Nellie Swart — 2 September; Huis Republiek — 8 September; Huis Karlien — 15 September en Eikenhof — 29 September. Die eenheid van die Bloedoortappingsdiens besoek die koshuise in die aand en skenking begin om 6.15 nm.

**In volgende week se Wapad verskyn 'n meningsopname oor die A.S.B.-kongres.**

## *Christelike wetenskapsleer*

# TUKKIES IS MOEILIK

## Kommissieverslag op volgende kongres

**OP DIE 21e Bondskongres van die A.S.B., wat gedurende die afgelope vakansie op die kampus van U.P. gehou is, het die afvaardiging van hierdie Universiteit onomwonde 'n vraagteken geplaas agter die Christelike wetenskapsleer.**

**Dit was hoofsaaklik by monde van mnr. Neels Botha, die V.S.R.-voorsitter en nagraadse student in die teologie, en mnr. Hendrik Verloren van Themaat, 'n ingenieurswesestudent.**

Hoewel daar tot en met die twintigste Bondskongres en veral in die jongste jare feitlik by elke kongres 'n mosie eenparig aanvaar is met die strekking dat die kongres hom ten gunste van die Christelike wetenskapsleer, uitspreek, het dit vroeg vanjaar aan die lig gekom dat die huidige studenteleiers van U.P. hulself nie meer daarmee wil vereenselwig nie.

Reeds op die tweede dag van die afgelope kongres het die leier van die U.P.-afvaardiging hom tydens die bespreking van die referaat, „Die Afrikanerstudent en sy Godsdiens", teen die gedagte van Christelike kuns, Christelike wetenskap, ensovoorts uitgespreek op grond daarvan dat godsdiens sodoende „onvanpas" sou bygesleep word op vlakke waar dit nie tuishoort nie. Verskeie afgevaardigdes van ander kampusse het egter daarop gewys dat die Christelike wetenskapsleer nie net 'n verlengstuk is van godsdiens in enge sin nie, maar gefundeer word in 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing.

Op die voorlaaste dag van die kongres het die mnr. Verloren van Themaat aan die hand van 'n pamflet onder die opskrif „Christelike wetenskap", opgestel deur mnr. D. F. M. Strauss, gepoog om die Christelike wetenskapsleer in 'n swak lig te stel. Die opsteller van die pamflet het sy standpunte grondig verdedig. Die hele kwessie het ontwikkel in 'n vurige gesprek waartydens die U.P.-afgevaardigde gedreig het om uit te stap.

Mnr. Neels Botha het later daarop aangedring dat 'n bewering met die strekking dat as 'n Afrikanerstudent hom van die Christelike wetenskapsleer distansieer, hy hom ook ten opsigte van die wetenskap van die Christelike religie disassosieer, uit die referaat oor die student in die akademie geskrap word. Die deurhaling daarvan sou egter geen verskil maak in die strekking van die hele referaat nie.

Die onaangename bespreking het bedaar toe mnre. Callie Coetzee en Jan-At Kruger van die P.U. vir C.H.O. die volgende mosie ingedien het: „dat die nuwe hoofbestuur 'n kommissie aanstel bestaande uit studente met verskillende standpunte oor Christelike wetenskap en van verskillende studierigtings, om 'n grondige studie te maak oor die verhouding van lewens- en wêreldbeskouing (veral die Christelike lewens- en wêreldbeskouing) tot die wetenskap in al sy geledinge", met die opdrag om verslag te lewer by die volgende kongres, veral met die doel om 'n riglyn vir die bespreking van die onderwerp neer te lê. Die voorstellers het uit hul motivering van die mosie laat blyk dat die kommissie veral aandag moet gee aan die problematiek met en die verskilpunte oor, die Christelike wetenskap, wat in sekere studentekringe bestaan.

## EERSTE METRIEKE KOEK GEBAK

DIE departement Huishoudkunde van die Potchefstroomse Universiteit het onlangs 'n stel metrieke lepels en koppies in gebruik geneem.

Mej. G. Groothof, lektrise in die departement en lid van die Buro van Standaarde se Huisvrouemetriseringskomitee, het die eerste proefneming met die nuwe lepels en koppies gemaak. Sy het 'n koek voorgesit waarvan die inhoud volgens metrieke mate gemeet is. ★ Vervolg op bladsy 5

**BULT-APTEEK**
ONS SPESIALISEER IN
★ POTTEBAKKERY
★ GESKENKE
★ JUWELE
★ KOPERWARE
AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS
Tomstraat 88b & c
Foon 5943, 3377

# SPYKERBANKKANTATE

DEUR DRUKSPYKER

Ná vier weke van rus en ontspanning (of was dit studieverlof?), of ná baie genotvolle toere vir sommige Pukke, is almal nou weer terug op die plaas. Ja, veral as die Pukke weer 'n slag getoer het, lyk dit asof die spykerbankies voltyds beset bly! Ons weet almal as die Pukke gaan toer, word daar saam ontspan, gewerk en gespeel, en daarom is dit mos onvermydelik dat daar ook saam gesleep word.

De resultaat van hierdie onvermydelike proses is dat **Lydia van der Walt** en **Tinus de Wet** die Thalia-toer baie geniet het. En moenie praat van Alabama nie! **Rentia Krüger** se hart klop nou saam met **Rudi van Eldick** se dromme. **Hilde Söhgne** sê weer sy het maar swaar weggekom van De Aar, want was die organiseerder daar dan nie **Andries** nie? As 'n mens nog so 'n bietjie terugdink, wonder 'n mens ook hoekom jy **Louis van Rensburg** en **Hester Grobler, Ben du Toit** en **Elsa du Plessis, Johan Joubert** en **Erika van der Walt**, en **Ekmond Coetzee** en **Bettie du Toit** so dikwels bymekaar gesien het. Ai, daardie bus het darem lekker gery!

En dan het die pluimbaltoer ook sy gevolge gehad, want **Lan van Wyk De Vries** en **André Engelbrecht** het nou geestesverwante geword.

**Marlene van Schalkwyk** en **Sybrand Burger**, twee Suidwesters wat al baie sakke sout saam opgeëet het, het toe hierdie **vakansie** besluit dat dit nou hoog tyd is om hul (karakoel)-skapies in een kraal te jaag. En moenie praat van al die verlowings nie! **Bertie Fourie** en **Sandra van Aswegen** het hierdie vakansie die **blink klippie** gaan haal, en **Lenie Koekemoer** en **Chris Thompson** het ook die groot stap gedoen. En daar doer in Natal sit ook 'n outjie wat mooi sal moet kyk watter een van die Steyn-tweeling is nou sy verloofde, anders sit hy miskien later met dié een van **die twee wat nié Minnie** is nie. Ons sien **Linette Luyt** dra ook nou 'n splinternuwe pand aan die ringvinger.

Cupido se **pyltjies het ook vir Ralie Nothnagel** getref, want die kombinasie „Raaltjie en Gertjie" klink soos musiek in haar ore.

Dis, moeilik om te glo, maar die vlotbouery met die karnaval het gevolge gehad wat nou eers aan die lig kom: **Almarine Smith** maak haar baie mooi vir **Kobus Kotze**, en met **Bessie Hoffman** en haar **Jacques** gaan dit ook nog goed.

**Du Preez Martins** sê dit is al so vanselfsprekend dat **Althea van Loggerenberg** sy **meisie is, dat** die eerstejaars op diens daar by Thaba Jäh sommer self moet weet wie om te gaan roep.

Nou ja, dan sê ons aan al die Puk slepers, verliefdes en verloofdes: Geniet julle genotte! — tot volgende keer.

# VIRUS HERLEEF – I.W. IN HOF

IN 'n opspraakwekkende hofsaak op 4 Augustus op die kampus het die jurie uitspraak gegee ten gunste van Interfakultêre Wysbegeerte. Die beskuldigde het tereg gestaan op 'n aanklag ingevolge die wet op die onderdrukking van studenteïndoktrinasie.

Die advokaat vir die verdediging was Alwyn Kraamwinkel. In 'n hartstogtelike pleidooi het die advokaat aangevoer dat Interfakultêre Wysbegeerte wel 'n bestaansreg op die Puk het. Dit dien 'n bepaalde doel, naamlik die verskaffing van agtergrond en visie vir die student se professionele studies. Verder het dit ook die weerbaarmaking van die student op geestelike terrein tot gevolg.

Die advokaat vir die Staat was Kobus Booyens. Hy het die jurie stormenderhand genader. Die jurie het bestaan uit 'n gehoor van Interfakultêre Wysbegeerte-geïndoktrineerde studente van die Puk. Mnr. Booyens het onder andere aangevoer dat Interfakultêre Wysbegeerte geen bestaansreg op die Puk het nie en dat die studentesiele liefs onbeïnvloed moet bly.

Ten slotte besluit adv. Johan van der Vyver dat daar geen neutrale wetenskap is nie, aangesien die hele persoon van die wetenskaplike by sy wetenskaplike navorsing betrek is. Die jurie besluit ook met oorweldigende entoesiasme om Interfakultêre Wysbegeerte se termyn van vrye losies op die Puk onbepaald te verleng, maar wil verbetering in die aanbieding daarvan sien.

# ALABAMA VERWEK ORALS OPSPRAAK

**„ALABAMA KAN maar weer kom!" (Die Volksblad). „Driving the blues away" (The Friend). „A minstrel show as good as recent presentations by overseas companies" (P. E. Tribune). Dit was koerante se menings oor Revue '69 en, soos alle vorige Alabamatoere, was die opvoerings dit wat almal die beste sal onthou.**

**Die mans sal onthou hoe húlle, in plaas van die dames, op Viljoenskroon „Ek is 'n lawwe meisiekind" se koor moes sing. Op Kroonstad het almal Hennie se kalme benoudheid gedeel toe meer kaartjies as sitplekke verkoop is. Port Elizabeth was die hoogtepunt. Ten spyte van Caruso en Annatjie se afwesigheid het almal gesing en gespeel soos nog nooit, sodat mnr. Rogally, 'n „musical promotor", Rennie gekomplimenteer het met die feit dat Alabama op professionele vlak is en Rudi uitgesonder het as 'n buitengewone trommer.**

Die krisis op Oudtshoorn, waar daar nie plek vir die orkes was nie en Rennie met klavier en al op die verhoog moes sit; Kuruman se gladde verhoog, toe Frans, Jerrie en Ian op die vloer beland het, en Kimberley se fantastiese teater, is met hoofletters in Alabama-dagboeke neergeskryf.

Die byna 4000 myl wat ons gery het, sou niemand oorleef het as dit nie vir die gawe „landlords" was nie. Die manne wat by Moeder Wind van Burgersdorp se Bakkery tuis was sowel as Koos, Frans, Ben en Gustav ná hul verblyf op Aliwal-Noord, sal daarvan kan getuig.

Die helfte is nie vertel as die Bergkwaggapark- en Stormsriviermond-vakansiedae nie genoem word nie. Ten spyte van die stof en die Cradock-karavaanpark se nou badkamervenstertjie, waardeur die mans vir 'n stort moes klim, het Alabama uitgebreek op bergklim in die Kwaggapark. Dit het so vrolik gegaan dat 'n Kwagga nou met Gustav se kerkskoene rondloop. Daarby moes die manne hulle voorslaaptyd-grappies sagter vertel, want die mans en dames se slaapplek was net met 'n dun partisie geskei. Nogtans het die dames tot hul verbasing aangehoor hoe „ons manne" ontwaak — van Ben se „paribus, sela" tot Koos se „kort-duskant-middernag-opstaan", was dit openbarend.

By Stormsriviermond het die gelisensieerde restaurant, see en rotse 'n gesamentlike sug uit 45 verkoue-Alabamakele:" kon ons maar 'n week hier gebly het . . ." laat styg. Na die uitputtende klim, waar Ria baie hard met die aarde kennis gemaak het, en die bibberende swem van die manne,, was almal baie bly dat oom Johan, die busbestuurder, verjaar het, sodat die dors en koue afgespoel kon word.

In die Kangogrotte het die besoekers skeef opgekyk vir die singende „wandering minstrels" alhoewel niemand eintlik lus was om „Chim-chimmeney" te sing na die skoorsteen nie.

Ten spyte van die vreugde wat Retha en Sarie uit George en Oudtshoorn se teatertelefone geput het, het hulle 'n groot krisis beleef toe hul optreerokke soek geraak het — omdat Jerrie en Kobus dit vir hulle gebêre het.

Reeds met die besoek aan Oviston het „Alabamites" ('n ernstige maagaandoening) kop uitgesteek en tot in Vryburg was dít en verkoue die algemene klagte. Op Kimberley het almal gerus en die besoek aan die diamantmyn so geniet dat Pa moes sê sy dogters lyk ekstra mooi!

Almal veral Abe — was oortuig — dat net sy „stoflike oorskot" op Kuruman sou aankom na die kalkstofpad tussen Kimberley en Kuruman. As dit darem nie vir Blikfontein se koue water was nie . . .

Vir mans en dames is die toer op 'n hoë noot afgesluit toe die dames op Lichtenburg die decor afgelaai en opgeslaan het — binne 55 minute.

Toe Pa en Ma (ds. en mev. Hennie Coetzee) Woensdagoggend tot siens sê voor die Hoofgebou, moes ons besef alles is verby en dit was „eens weer gelukkig nie lekker nie, net baie lekkerder!"

# POPULARISASIE VAN GEESTES-WETENSKAPPE

PROF. W. N. Coetzee, dekaan van die fakulteit Lettere en Wysbegeerte, is benoem as lid van 'n komitee wat as taak het om geesteswetenskappe te populariseer. Die komitee sal ook ondersoek instel na die doeltreffendste wyse waarop geesteswetenskappe aan die breër publiek bekendgestel kan word.

Prof. G. J. Pienaar, hoogleraar in Perswetenskap, dien in 'n sub-komitee wat sal ondersoek instel na die rol van kommunikasie, en die mees effektiewe gebruik van kommunikasiemedia.

# WAPADLANGS

DEUR SWEEPSLAG

## *Ons volksleiers?*

OMIES met gholfstokke en rooi aanskyne, uittredende rektore van Engelse universiteite, oorstappende Sappe, Doktore wat praat van „kaffers en Ingelse", redakteure met 'n rollende aksent of met 'n koppeltekenlose Christelik-nasionaal, skeiende hartchirurge met baie mooi asters, filmregisseurs behep met Kleurlinge, letterkundiges op soek na iets banalers as „sestig", studenteleiers wat aspekte van die Christelike religie wil wegdink en jong politici wat onder toejuiging „liberalisme op Engelse kampusse beveg". Waar gaan ons heen?


Met so 'n swetterjoel van diverse leierskarakters, begin 'n mens wonder hoe die Afrikaanssprekendes wat deur hulle gelei moet word, lyk. As 'n sekere Engelse tydskrif met 'n Afrikaanse redakteur in 'n artikel oor die veelvolkigheid van Suid-Afrika foto's plaas van wat hy beskou as tipiese voorbeelde van elke volk, plaas hy namens die Engelssprekendes 'n seuntjie wat besig is met 'n elektroniese proefneming en namens die Afrikaners twee verstokte ome op 'n volksfees met hande bak agter die ore om beter te hoor! Dit is 'n mistasting, want net soos daardie argaïese feesgangers Afrikaans praat, praat die gekultipheerde, mini-draende en snobistiese („ek liéf beidhe Dante en Donovan") dwrama-studentjie van Pretoria.

Verskeidenheid is die sout van die lewe, maar hoe groot het die verskeidenheid nie in Afrikanergeledere geword nie! Wie is nou leier van watter volksonderdeel? Gary Player, *imperator* van die gholfpolitici, Piet Cillie, induna van die Calviniste, Prof. Horwood — O.B.-kommandant, Cor du Preez, apologeet vir die Uitwaartse Beweging, Chris Barnard, voorsitter van die Internasionale Reisagentskapsassosiasie, Emil Nofal, rassis, Otto Krause, verkrampte persleier? Of hoe dan?

Watter persone of instansies moet ons arme Christelik-Afrikaanse studentjies „far away from everywhere down in Potchefstroom" nou beskou as ons geesgenote met leiergesag?


Dit is darem nog nie alles verlore nie, want ons taak is onomwonde en klinklaar gestel: „Vervul Jou Roeping" — al waaroor ons uitsluitsel moet kry om dit te kan doen, is klein vragies soos: as Afrikaners of Suid-Afrikaners?; as besinners of as pragmatiste?; onder óns vlag of onder 'n nuwe (dus vreemde) vlag?; as kulturiste of as internasionaliste? As ons telkens die tweede alternatief kan aanvaar, het ons baie leiers.

Hét ons volksleiers, of is ons leiers lyers aan die peste wat die ruimte-eeu-wind wat van orals teen ons aanwaai.




'N VEILIGE TUISTE VIR U GELD

NASIONALE BOUVERENIGING




# Lewenslustige Thalia-toer

**DIS HARDE WERK en uitputtend om toneeltoere te onderneem. Vroeg opstaan, laat gaan slaap, ver ente ry en onwillige mense oortuig dat daar 'n leemte in hul lewe gaan wees, as hulle nie daardie besondere vertoning bywoon nie. Dan praat 'n mens nie van die duisend-en-een klein jakkalsies wat onder so 'n toerende groep se planne kan invaar en dit verwoes nie!**

**Maar Thalia se mense praat glad nie oor sulke dinge nie. Hulle is nog steeds so borrelend lewenslustig soos die dag toe hulle hier weg is en raak nie maklik uitgepraat oor al die lekker dinge van die toer nie: die „lands" wat jou op hulle hande dra (kompleet met ontbyt in die bed), natuurskoon, die interessante plekke waar hulle soms vir 'n blaaskansie uitgespan het.**

Geesdrif vir die opvoerings het nooit ontbreek nie, en as daar miskien klein dingetjies ontbreek (soos 'n verhoog!), het Thalia hulle ook nie daardeur laat afskrik nie. By Loskop het hulle sommer uit tafels een geprakseer en dit was nogal merkwaardig doeltreffend, behalwe die keer toe Solly Thomas hom so in sy rol ingeleef het dat hy alles om hom vergeet het en op 'n dramatiese hoogtepunt reg agteroor van die verhoog afgeval het.

Toerlede het net die hoogste lof vir die spelers wat hulle deur niks van stryk laat bring het nie. Sommige kere het belangrike dele van die dekor net eenvoudig ontbreek en dit gee nogal probleme af as die telefoon nie wil lui wanneer hy moet nie, en die kommissaris daarop aandring om dokumente te sien wat net nie in die laai is waar hulle elke aand moet wees nie.

Dit sê veel vir die oorspronklikheid van die spelers dat hulle nie een aand presies dieselfde stuk opgevoer het nie — veral waar hulle oortuig was dat hulle op die woorde van die dramaturg kon verbeter: Papa Vrotvis is mos nou eenmaal 'n beskrywender naam vir die skilder as sy ander nom-de-plume.

Kupido is die ander onsigbare reisiger saam met elke groep en Dirk Venter en Hester Botha het gesorg dat hulle die drama voortsit — met slegs een held en heldin. Om dan nie eers te praat van S.R.-verteenwoordiger Faan en sy Magda, en Tinus en Lidia nie. Selfs verloofde Joppie van Graan en slepende Janet Mengel het mekaar ewe liefderik as „toerromanse" aangespreek.

Een aand wat die groep nie maklik sal vergeet nie, is die aand toe hulle bibberend en blou van die koue twee opvoerings op één aand moes inpas vir die geesdriftige dorpenaars.

Miskien kan die toer die beste opgesom word in die woorde van 'n toerlid: „Alles was heerlik en rasend snaaks," of bloot: „Dit was fantaties!"

## Hoofbestuurslede


JOHAN KRUGER


FANIE COETZEE
*(Foto's: Fotokuns)*

# *PUK-ambassadeurs in Botswana*

**DERTIEN PUKKE — agt mans en vyf dames — het die Universiteit die vakansie in die „buiteland" gaan verteenwoordig. Hulle was lede van Korps se toergroep wat 'n sendingkerk te D'kar naby Ghanzi in Botswana gaan oprig het. Die toergroep het gestaan onder leiding van mnr. Roelf Grové, 'n boer van Potchefstroom-distrik.**


*Die kerk te D'kar nader voltooiing*

Die plaas D'kar is die eiendom van die Gereformeerde Kerk en is aan dié kerk geskenk met die uitsluitlike doel om sendingwerk aldaar te doen. Mnr. Dirk Jerling, 'n oud-Puk, bestuur die plaas namens die kerk. Hy en sy vrou het alles in hulle vermoë gedoen om die toergroep se verblyf so aangenaam moontlik te maak.

Danksy oom Roelf Grové se bekwame leiding, het die bouers daarin geslaag om die kerk na elf werksdae te voltooi.

Die mans het die bouwerk gedoen terwyl die dames verantwoordelik was vir die kos. Danksy oom Roelf se aanmoediging, meerdere ervaring en bouvernuf is die taak sekerlik met veel sukses bekroon. In die kombuis het alles ook altyd vlot verloop en die dames het toegesien dat die bouers genoeg het om te eet.

# DEUR MY LENS

DEUR REFLEKTOR

MEJ. X, mej. X, mej X. In wat 'n vreemde wêreld leef ons tog nie! Ek bevind my onverwags op 'n geselligheid by 'n vreemde plek, tussen vreemde mense, in 'n vreemde atmosfeer. Die mense praat en beduie, die tantes skinder, die tieners gil laf, die oubasies rook hul pype. Maar almal is dáár, onbetwis teenwoordig agter hul woorde en gebare. Daar is ook 'n meisie, mooi en lank in 'n waas van rookblou skemering. Amper skaam partykeer, as sy omkyk. Een grys dame met 'n seroet in haar mond, herken ek as 'n afgetrede aktrise. Onmiskenbaar. En daar is 'n digter van naam, ywerig om die voordele van 'n dikatuur teen dié van die demokrasie af te weeg voor sy klein gehoor van teleurgestelde kunstenaars.

Ek sit in 'n hoek met my glas bier en my verwondering, onwillig om die geheelperspektief prys te gee ter wille van betrokkenheid by 'n deel. Toe begin die grys dame met die seroet 'n eienaardige mimiek wat haar 'n onbestrede mosie van intense belangstelling besorg. Meegevoer deur haar verlore roem bevind sy haar mettertyd op 'n tafel waar sy 'n detail-demonstrasie gee van presies hóé die hara-kiri gepleeg moet word. Telkens druk sy die denkbeeldige mes met 'n swierige beweging in haar bors, gaap vir oomblikke in die lug, vat 'n trek aan haar kleiner wordende seroet, en besing dan die edelheid van die Japannese paartjies wat op hierdie wyse die probleme van 'n bowêreldse liefde oorbrug het. Die tyd wanneer dit gedoen word kry ook breedsprakige aandag: in die oggend waar hulle eers saam wag op die kleurryke Japanse sonsopkoms. Wanneer die seroet teen haar vingers begin skroei, kyk sy verbaas op haar horlosie, besluit dat sy moet gaan, en kantel ongeërg van die tafel af.

Die geselskap raak al hoe joliger. Spoedig is daar drie of vier opvolgers vir Dame Seroet wat elkeen ywerig poog om haar formidabele plek in te neem. Nou en dan sien ek my lang, wasige nimf wat telkens verby-sweef om weer onverklaarbaar in die skemer te verdwyn. Tussenin dreig alles om in choas te vergaan.

'n Kolossale man met die nek van 'n slagter het 'n tafel middeldeur gebreek om iets uit 'n boheemse wêreld aan 'n groepie bewonderende omstanders te verduidelik. „Ongetwyfeld 'n moderne beeldhouer", sê iemand ondiplomaties. 'n Kenner van die Egiptiese argeologie hervat onversteurd sy monoloog oor die Egiptenare se wreedheid teenoor hul trekdiere.

Toe sien ek haar weer, hierdie keer met 'n skinkbord vol gevulde glase van allerlei slag en soort waarmee sy voor my buk. Sy talm. Begin skielik gesels. En die stof van die aarde sif neer oor 'n dansende angelier. Die aand tuimel ineen. Die volgende dag, 'n Saterdagmôre in die stad, sien ek tussen die mense hoe iemand huil. En ek verwonder my vir die soveelste keer, oor die mens se weerloosheid. En sy onverwagse wondbaarheid.

U
HOEF
NIE,
MAAR
U
KAN
BETER KOOP BY
UNIEWINKELS
Uniewinkels
VERSKAFFERS
VAN
P.U.-KLEURE

## Twee Pukke op ASB-hoofbestuur

TWEE Pukke is op die afgelope A.S.B.-kongres op die hoofbestuur verkies: mnr. T. J. Kruger, lid van die dagbestuur van die S.R., is tot direkteur van algemene studentebelange verkies, terwyl mnr. Fanie Coetzee, bestuurslid van die P.N.B., voortaan Afrikabelange sal behartig.

POSTE EN BEURSE VIR JOERNALISTE

DIE VOLKSBLAD, middagblad van Nasionale Pers in Bloemfontein, het weens uitbreiding redaksionele poste beskikbaar vir gegradueerdes met of sonder ondervinding, en vir belangstellendes wat einde 1969 die graad-eksamen aflê.

Die koerant bied ook beurse aan vir voornemende joernaliste, waarvoor kandidate wat aanstaande jaar universiteit toe gaan of wat nou in hul eerste of tweede jaar op universiteit is, nou aansoek kan doen. Die beurse is tot R400 per jaar vir drie jaar, vir voorgraadse studie.

Die beskikbare poste vir joernaliste bied uitstekende geleenthede ten opsigte van bevordering, salarisse en die talle ander diensvoordele wat 'n groot en sterk uitgewersmaatskappy bied.

*Aansoeke of navrae moet gerig word aan*

**Die Redakteur, Die Volksblad, Posbus 267, BLOEMFONTEIN. Telefoon: 73351.**

## Goue Weste Inry

Tel. 6437

VRYDAG 8 EN SATERDAG 9 AUGUSTUS
EERSTE VERTONING 7 N.M.
**THE BATTLE FOR ANZIO**
Robert Mitchum

TWEEDE VERTONING
**TEMPLE OF A THOUSAND LIGHTS**

MAANDAG 11 EN DINSDAG 12 AUG.
**WHERE ANGELS GO, TROUBLE FOLLOWS**
Rosalind Russel

WOENSDAG 13 EN DONDERDAG 14 AUG.
**ANGELIQUE AND THE KING**
Michele Mercier, Robert Hossein

VRYDAG 15 EN SATERDAG 16 AUGUSTUS
EERSTE VERTONING
**WHERE ANGELS GO, TROUBLE FOLLOWS**

TWEEDE VERTONING
**ANGELIQUE AND THE KING**

## Potch Inry

Tel. 5307 of 6345 bedags

VRYDAG 8 EN SATERDAG 9 AUG. OM 7 N.M.
NET EEN VERTONING
**STAR**
Julie Andrews

MAANDAG 11 EN DINSDAG 12 AUG.
OM 7 N.M.
**ZEBRA IN THE KITCHEN**
Jay North — Martin Milner

WOENSDAG 13 EN DONDERDAG 14 AUG.
**THEY ONLY KILL ONCE**
David McCullum — Stella Stevens
Telly Savalas — Rip Torn

VRYDAG 15 EN SATERDAG 16 AUGUSTUS
EERSTE VERTONING 7 N.M.
**ZEBRA IN THE KITCHEN**

TWEEDE VERTONING
**THEY ONLY KILL ONCE**

## 20th Century

8 & 9 AUGUSTUS
**SEVEN BRIDES FOR SEVEN BROTHERS**
Jane Powell — Howard Kill

11 & 12 AUGUSTUS
**SWEET NOVEMBER**
Sandy Dennis — Anthony Newley

13 TOT 19 AUGUSTUS
**WHERE EAGLES DARE**
Richard Burton — Clint Eastwood



# die WAPAD

VRYDAG 8 AUGUSTUS 1969


# *Dankbaarheid en kommer*

In die lig van die jongste gebeure in die Afrikaner-studentelewe, word 'n mens opnuut innig dankbaar dat jy die voorreg het om aan die P.U. vir Christelike Hoër Onderwys te studeer, waar jy ryke leiding oor grondliggende aspekte van jou bestaan kry en waar jy met mede-studente te doen het wat saam met jou strewe na 'n ware Christelike lewensbeskouing en na 'n ware Afrikanerskap!

Op nasionale studentebyeenkomste word maklik na ons Universiteit verwys as 'n „woordefabriek", „'n kampus waar heeldag net filosofiese praatjies gepraat word" en selfs „die klooster-Universiteit"!

Nou is dit opmerklik om te sien hoeveel leiding daar op nasionale vlak van P.U.-studente uitgaan; dit is opmerklik hoe ons verteenwoordigers altyd beheersd en met oortuiging hul standpunt stel; dit is opmerklik hoeveel meer sin daar steek in die gedagtes wat die P.U.-studenteleiers uitspreek; dit is opmerklik hoedat sommige ander universiteite in ons eie provinsie se afgevaardigdes dikwels nie eens verstaan wat ons sê as ons oor beginselsake praat nie, en sommige van hulle dan sinnelose tirades en insinuasies teen ons ontketen in hul toesprake en hul publikasies.

Deur die afgelope 21 jaar heen het die P.U. vir C.H.O. 'n sterk leidende rol in die A.S.B. gespeel — bloot omdat dit konstitusioneel 'n organisasie is wat, in sy grondslag en doelstellinge, suiwer is. Ons het egter grond vir kommer en roeping tot stryd wanneer die grootste Afrikaanse residensiële universiteit se studenteleiding standpunte van 'n lewensbeskouing wat op 'n Christelike religie fundeer, op uitdagende wyse afmaak.

Laat ons hoop dat alle Afrikaanse universiteite spoedig gebruik sal maak van die geleentheid wat van owerheidsweë gebied word om die sogenaamde „gewetensklousule" uit hul wette te verwyder en dat dit tot gevolg sal hê dat ons hoër onderwys op aanneemliker grondslae geplaas sal word — want tans rig onverantwoordelike en swak gefundeerde dosering op 'n paar van ons mede-Afrikaanse universiteite onmeetlike skade aan.


## REDAKSIE

Hoofredakteur Francois Venter — tel. 2050
Subredakteur: Dirk Laufs — tel. 4638
Subredaktrise: Martie Kruger — tel. 8214
Nuusredakteur: Lourens du Plessis — tel. 2030
Politieke redakteur: Dawie Swanepoel —
Kunsredaktrise: Joan Crafford — tel. 2071
Sportredakteur: Johan Preller — tel. 6701
Akademiese redaktrise: Elsabé Smuts — tel. 2039
Eeufeesredaktrise: Retha Coetzee — tel. 2071
Sosiale redaktrise: Retha le Roux — tel. 2119
Fotoredakteure: Wytze van Wyk de Vries — tel. 2019
Du Preez Martins —
Advertensiebestuurder: Johan Ligthelm — tel. 5553
Spotprenttekenaar: Lood Dercksen —
Sekr.-Penningmeester: Leon du Plessis — tel. 2030
Sirkulasiebestuurders:
Piet Strydom — tel. 2019
Piet Hattingh — tel. 2019
SPORTVERSLAGGEWERS:
Izak van Rensburg; Henk Coetzee; Chris Conradie; Hennie de Villiers; Piet Kruger; Pieter Oosthuizen; Ria de Klerk; Ben van der Walt.
AKADEMIESE VERSLAGGEWERS:
Erna Arnold; Rika van der Walt.
KUNSVERSLAGGEWERS:
Piet Fourie; Louise Heystek; Nicoléne Marais.
POLITIEKE VERSLAGGEWERS:
Douw Kruger; Zak Ferreira; Henri Murphy.
SOSIALE VERSLAGGEWERS:
Amalia du Plessis; Magriet de Lange; Hestrie Snyman; Marlene Lemmer; Gert Kruger; Dries Burger; Johan Yssel.



DIE
**INSLEEP RESTAURANT**
**WAARHEEN ALMAL SLEEP**
Koshuisbestellings: 6039

**SKOEN- EN FIETSREPARASIES**
★ EN FLINKE DIENS
★ VIR ALLE STUDENTE BENODIGDHEDE
**HUIS EN TUIN**
(Langs Volkskas op die Bult)
★ ALLE BATTERYE WORD OOK GETOETS


## Uit die Woord

# VERMAAN, MAAR MOET NIE VEROORDEEL NIE!

*Rom. 2 : 1: Daarom is jy, o mens, wat oordeel, wie jy ookal mag wees, sonder verontskuldiging; want waarin jy 'n ander oordeel, veroordeel jy jouself; want jy wat oordeel, doen dieselfde dinge.*

*Dit is woorde wat insny teen alle fariseïse veroordeling van ander — ook ons kritiese tong waar dit gaan oor ander. Doen jy dit om jouself daarvan te distansieer, om jouself te verontskuldig? Miskien mag jy vir 'n enkele oomblik jou medemens oortuig (of 'n rat voor die oë draai). Maar dwaas is jy as jy meen om God te bedrieg, om voor Hom in eer te styg!*

*Opgeblase vertoon. So was die Fariseërs vanouds. Soos elkeen van ons ook maar. Dit is algemeen menslik om in plaas vanuit verootmoediging voor God en selfverloëning voor die mense te leef, te skarrel vir 'n eie plekkie en 'n eie troontjie. En om dit te verkry, vereis 'n eenvoudige resep: vertrap ander!*

*Dit het niks te doen met vermaning nie; vermaning onderling is 'n opdrag van Christus, die Koning. Dit geskied van aangesig tot aangesig, nie agter die rug nie.*

*Jy doen dieselfde dinge! Paulus ken die mens! Pasop. Wie ander oordeel, veroordeel homself — voor die regterstoel van God wat geen ander maatstaf aanlê as sy Woord en wet nie. Dáár is geen verontskuldiging moontlik nie. Moet ons nie uit verwondering oor die genade van God oor ons, dan maar ons oordeeltjies oor ander laat vaar nie? Immers, Hy skenk ons genade afgesien van ons volslae doemskuld! —*

*J.A.K.*

## *Uit die* POSSAK

# Eenheid ten koste van beginsels?

**Geagte Redakteur,**

**Na aanleiding van 'n rubriek in Die Perdeby (die amptelike studentekoerant van U.P.) van 20 Junie 1969 waarin die P.U. vir C.H.O. vir die soveelste keer bespotlik gemaak is, 'n paar opmerkings.**

Die rubriekskrywer in Kampus Kompos maak ons Universiteit af met die opmerking „te veel C.H.O. en te min P.U.", en verdere insinuasies wat die Christelike wetenskapsleer in twyfel trek. Goeie verhoudinge tussen die twee universiteite sal hierdeur allermins bevoordeel word en die redakteur van die betrokke koerant behoort 'n groter oordeelsvermoë aan die dag te lê as om so 'n artikel te plaas. Dit daar gelaat.

Dit is jammer dat daar so min Pukke op die onlangse A.S.B.-kongres was om die powere vertoning van Tukkies te kon smaak toe Christelike wetenskap ter sprake gekom het. Hul hele optrede het gespreek van kinderlike naïwiteit gepaard met onkunde betreffende Christelike wetenskap; hul is uit beginsel daarteen gekant (watter beginsel dit is, weet ek nie — blykbaar weet hulle self ook nie). Hul noem hulself soms Calviniste (natuurlik ongekwalifiseerd) maar ek sou dit veel nader wil omskryf as parsiële Calvinisme wat sekere gebiede met die etiket „Christelik-neutraal" reserveer.

Selfs by hulle wat C.H.O. tot 'n mate 'n kans gun, bestaan die wanopvatting dat C.H.O. slegs 'n „streng sedelike inslag" impliseer (Die Perderby 1 Augustus 1969) en verder min of meer verband hou met Christelike nasionale onderwys — dis net nog meer verwerplik.

Kom ons vergeet maar die praatjies oor eenheid in Afrikanergeledere, ook wat 'n gemeenskaplike godsdiensbeskouing betref. Die ware feite is dat C.H.O. binne Afrikaner-geledere sy felste teenstand ondervind, dat Christelike wetenskap daar nie erken of aanvaar wil word nie. Te veel van „ons mense" lewe salig voort in 'n dualisme tussen werklike belydenis en program van beginsels; ja, „ons mense" leef die Roomse dualisme van skeiding tussen natuur en genade hartlik uit!

Ons roem en is trots op die beginselstandpunt van die P.U. vir C.H.O. Laat hulle wat hierdie beginsel nie kan of wil verstaan nie, maar voortleef in hul gekkeparadys, waar krag nie in beginsel lê nie, maar in getalle. Tog jammer dat soveel van ons Afrikaner-jeug jaarliks onwetend aan hierdie elemente blootgestel word — ONTNUGTER.


**JOUBERT MEUBELS**
Kerkstraat 201, Tel. 3420
POTCHEFSTROOM
●
Vir
**MODERNE MEUBELS**
en alle
**HUISHOUDELIKE TOERUSTING**
●
Ons spesialiseer in die verskaffing van
**Jongste Plaat-opnames**
*Kom besigtig ons groot reeks*

# Maties weier skakeling met Kleurlinge

**'N POGING OM KONTAK tussen die Maties en die Universiteitskollege van Wes-Kaapland te bewerkstellig, het op 'n yslike mislukking uitgeloop.**

**'n Kommissie van die Matie-studenteraad het hul redes vir weiering tot skakeling soos volg geformuleer: 1. Persoonlike kontak wat tydens universiteitsopleiding opgebou word moet daarna afgebreek word. 2. Voortgesette kontak kan tot integrasie lei. 3. Die latere afbreek van kontak kan onnodige verwarring omtrent die bedoelings van die blanke veroorsaak. 4. Ander georganiseerde groepe sal hulle voorbeeld volg en „op enige terrein" ook wil skakel.**

Die voorsitter van die kommissie het egter gesê dat die bedoeling geensins was om die Kleurling sy reg as volksgroep te ontsê of kwade gevoelens te veroorsaak nie.

Die besluit van die Matie-S.R. het veral skerp kritiek van koerante van die Nasionale Pers ontlok. Kommentaar uit hierdie oord het gewissel van „daar's groter begrip verwag" tot „vreeslik".

Baie studente sien die monstervergadering wat Woensdagaand op Stellenbosch gehou is as 'n finale konfrontasie met die huidige studenteraad.

Die vernaamste besprekingspunt was juis die kwessie van skakeling met die Kleurlingleiers van die Universiteitskollege van Wes-Kaapland.

In die hoofberig van verlede week se uitgawe van Die Matie, het mnr. Van Huyssteen gesê die studenteraad was in beginsel nog nooit teen skakeling met die Universiteitskollege van Wes-Kaapland gekant nie. Hy het verder gesê: „Die indruk wat gewek word dat die studenteraad nie wil skakel nie, is totaal verkeerd. Wel het die studenteraad na oorweging van die feitelike situasie tot die gevolgtrekking gekom dat skakeling op hierdie tydstip nie moontlik en wenslik is nie".

Die mosie wat op die vergadering ingedien is, lui: „. . . dat ter wille van goeie verhoudinge tussen die studente van die Universiteit van Stellenbosch en die Universiteitskollege van Wes-Kaapland, dit wenslik is dat die volgende studenteraad verantwoordelike kontak op amptelike vlak met die studenteraad van die Universiteitskollege van Wes-Kaapland bewerkstellig".

# *ERE-LLD. AAN PREMIER*

**DIE RAAD en Senaat van die Potchefstroomse Universiteit het aangekondig dat daar 'n eredoktorsgraad in die regte aan die Eerste Minister, sy Edele adv. B. J. Vorster op 4 Oktober vanjaar op 'n buitengewone gradeplegtigheid toegeken gaan word.**

Die toekenning sal plaasvind tydens die hoogtepunt van die Universiteit se eeufeesvieringe op die Olënsportterrein, Potchefstroom. 'n Feesrede sal die aand deur min. Vorster gelewer word.

Ses ander persone sal ook tydens dié plegtigheid eredoktorsgrade ontvang: prof. dr. G. Dekker wat tot onlangs voorsitter van die Publikasieraad was en voormalige hoogleraar in Afrikaans-Nederlands aan die P.U., sal 'n eredoktorsgraad in die fakulteit Lettere en Wysbegeerte ontvang; prof. dr. Chris Coetzee, voormalige rektor van die P.U., ontvang 'n eredoktorsgraad in Opvoedkunde; en prof. W. J. Snyman ontvang 'n eredoktorsgraad in Teologie. Hy is hoogleraar in Nuwe Testamentiese vakke aan die Teologiese Skool.

In die fakulteit Natuurwetenskappe sal dr. G. J. Stander, direkteur van die Nasionale Instituut vir Waternavorsing 'n eredoktorsgraad ontvang. Mnr. Jan S. Marais, voorsitter van die direksie van Trustbank ontvang 'n eredoktorsgraad in die fakulteit Ekonomiese Wetenskappe. Waarnemende regter J. van Wyk de Vries word 'n eredoktorsgraad in die fakulteit Regte toegeken.

# PERSWETENSKAPSTUDENTE BESOEK JOHANNESBURG

**DIE JAARLIKSE uitstappie van die tweede- en derdejaar Perswetenskapstudente na Johannesburg het op Vrydag 1 Augustus plaasgevind.**

Die derdejaars het eers die kantore van The Star besoek, en daarvandaan na die S.A.U.K. gegaan, waar hulle deur mnr. Jan van Zyl na die nuuskantore geneem is. Die studente het geleentheid gekry om die teleksmasjiene, waar die nuus ontvang word, te besigtig, en die proses waarvolgens die nuus voorberei word vir uitsending, is aan hulle verduidelik. Dit is interessant om te weet dat die S.A.U.K. tussen 7.00 en 7.20 nm. negentien verskillende nuusitems uitsaai.

Die studente het ook die diskoteek en musiekbiblioteek van die S.A.U.K. besoek, waar dr. Solly Aranowsky, hoof van die musiekafdeling, hulle te woord gestaan het.

'n Gedeelte van die tweedejaarsklas het die ateljees van Kavalierfilms besoek. Terwyl hulle besig was om 'n koppie tee in die ontspanningsaal te geniet, het Franz Marx sy verskyning gemaak. Daarna het die filmtegnikus Manie van Rensburg, 'n oud-Puk, die proses van die vervaardiging van 'n rolprent aan die studente verduidelik. Die verskillende decorstelle, waar binnenshuise tonele geskiet word, is aan die studente gewys, o.a. Min Shaw se huis in Wenen, soos dit te sien sal wees in Kavalierfilms se volgende rolprent, „Hier in my hart".

Mnr. Van Rensburg het ook 'n gedeelte van „Hier in my hart" aan die studente vertoon op die klein skerm van die redigeermasjien wat gebruik word om films te sny, en waarop die klankbaan en die film self op twee verskillende spoele loop.

Daarvandaan is die studente na die nuuskantore van Die Transvaler. Mnr. Carl Nöffke, redakteur van Die Transvaler, het verduidelik dat die Britte baie yweriger koerantlesers is as die Suid-Afrikaners.

Elke eksemplaar van Die Transvaler word gelees deur gemiddeld 7.6 lesers, terwyl Engelse koerante gelees word deur gemiddeld twee lesers per eksemplaar. Die gevolg is dat die sirkulasie van Afrikaanse koerante kleiner bly, maar in werklikheid deur meer mense gelees word.

'n Bekende joernalis van Die Transvaler, mnr. D. A. S. Herbst, het vertel van die algemene aard van journalistieke werk en het vrae van studente beantwoord. Daarna het mev. B. Moller, ook joernalis by Die Transvaler, die studente vergesel op 'n besoek aan die settery, nagkantoor en advertensie — afdeling.

'n Ander gedeelte van die tweedejaars het Die Vaderland en Killarneyfilmateljees besoek. By die filmateljees is die proses van grimering vir rolprentdoeleindes gedemonstreer, en die flim „Radio Bantu" is vertoon. Hierdie film, wat daarop toegespits is om 'n beeld van ons Bantoes aan die buiteland te toon, het in 'n kompetisie in Amerika eerste gekom uit 800 films.

### METRIEKE KOEK

★ Vervolg van bladsy 1

Die doel van die komitee is om die publiek te help met die oorskakeling deur proefnemings, voorligting en advies oor praktiese probleme waarmee die huisvrou te kampe sal hê. Groot klem word op standardisasie gelê.

Die departement Huishoudkunde beoog om tydens die besigtigingsweek van die Fakulteit Natuurwetenskappe vir die besoekers demonstrasies en advies te gee oor die gebruik van die metrieke stelsel in huishoudkunde.

## 1928

## Geesteswrywing

1928: „Die P.U.K. het geen laboratorium-fasiliteite om van te praat nie; sy biblioteek is erg onvoldoende in baie rigtings en die kollege nog in 'n reeks sinkgeboue gevestig. Die studente moet . . . een van die belangrikste voordele van universitêre lewe ontbeer — onderlinge geesteswrywing".

# *Die Studenteraadsvoorsitter aan die woord*

NA 'N VAKANSIE besef jy gewoonlik eers werklik hoe geheg jy geraak het aan die Puk en die studentelewe wat jou studentejare vol en onvergeetlik maak. Die heerlike terugkoms na jou vriende, jou koshuis, na jou „student-wees" in die algemeen, word 'n ervaring wat jou sal bybly lank nadat jy die universiteit reeds verlaat het. Die studenteraad wil elke student van harte terugverwelkom met die hoop, maar ook met die vertroue, dat die laaste deel van die jaar, net soos die eerste semester, gekenmerk mag word deur 'n bloeiende studentelewe.

Talle studente, as lede van sportspanne en ander toergroepe, het selfs in die vakansie nie weggekom van die studentelewe nie, maar het deur hul deelname aan hierdie toere en toernooie, diens gelewer aan ons Alma Mater. Om in woorde uit te druk wat hierdie studente se gedrag, voorbeeld en optrede elke jaar vermag om die beeld van die P.U. vir C.H.O. en sy studente uit te dra, en bekend te stel, is onmoontlik. Ons kan alleen hartlike dank uitspreek teenoor hulle wat hul liefde en lojaliteit toon en belewe deur hierdie opoffering. Daarby kom ook ons hartlikste gelukwensing vir die sukses waarmee hul onbaatsugtige ywer bekroon is.

### Eeufees

DIE wonderlike jaar, die eeufeesjaar van ons universiteit, spoed reeds ten einde. Mag ons in die kort tydjie wat nog oor is, die geleentheid wat ons het om juis vanjaar Pukstudente te mag wees, met alle mag aangryp en deur ons bywoning en belangstelling meewerk om van die eeufeesaksies 'n sukses te maak.

### A.S.B.-kongres

OP die pas-afgelope A.S.B.-kongres het die onrusbarende feit aan die lig gekom dat dit wat vir ons as studente van die P.U. vir C.H.O. nie alleen kosbaar is nie, maar ook heilige erns is, vanuit ander studentekringe van ons land bevraagteken word. Of hierdie bevraagtekening voortspruit uit onkunde of negatiewe standpunt-inname, veronder myns insiens nie aan die onrusbarende van hierdie verskynsel nie.

My hoop en bede is dat hierdie besef nie daartoe sal lei dat ons ander sal verwyt en sal veroordeel nie, maar dat ons in die eerste plek na onsself sal kyk. En dan moet ons eerlik en diepgaande ingaan op die vraag of ons wat bevoorreg is om te studeer aan die enigste positief-Christelike universiteit ter wêreld, nog dit beleef waarin ons glo en wat ons met die mond bely. Weet elkeen van ons nog waarom „In U Lig?" staan bokant alles wat aan die P.U. vir C.H.O. gebeur? En gee ons blyke van daardie kennis in die praktyk van elke dag? Dit is die enigste, maar tegelyk allesomvattende eis wat opnuut in die eeufeesjaar aan ons gestel word.

# STOEIERS WEN S.A.U.–BEKER

**MET die S.A.U.-stoeitoernooi gehou te Stellenbosch op 4 Julie 1969, het die Puk-stoeiers skoonskip gemaak deur ses uit die agt gewigsafdelings te wen en met 'n puntestand van 37 te eindig.**

**Die Rembrandt-wisseltrofee is op 'n dinee aan die kaptein van die Puk-span, Bof Preller, oorhandig. Gert Ehlers het die beker vir die mees wetenskaplike stoeier die tweede agtereenvolgende jaar gewen.**

**Op 5 Julie het die S.A.U.-stoeispan (hoofsaaklik bestaande uit Puk-stoeiers) te staan gekom teen die W.P.-span. Hier het Gert Ehlers weer eens bewys dat hy die mees wetenskaplike stoeier is deur sy opponent met 'n val te klop. Johann Lemmer het sy geveg ook gewen.**

**Die stoeiers het met hoogs wetenskaplike stoel vorendag gekom en hulself goed van hul taak gekwyt. Met reg kan die span spog dat hulle nou ses universiteitekampioene in hul midde het.**

**Die stoeispan is alweer hard besig om te oefen vir die Intervarsity. As 'n mens in ag neem dat die Puk-span sewe punte meer gehad het as al die ander universiteite saam, sal hulle seker nie probleme hê om die Kovsies onder te sit nie.**

## Besembos se oorsprong

**„Ten spyte van al die finansiële probleme, is die Puk in 1928 soos 'n besembos: hom doodkry is min".**

**T. G. KRüGER EN SEUN**
Tel. 6544 — Na ure 6543 — Kerkstraat 98 — Potchefstroom
EIENDOMSAGENT
*Vir verkoop van*
★ HUISE ★ PLASE ★ PLOTTE ★ ENS.
Lenings gereël

**„Vleispasteitjies met tamatiesous, asseblief . . ."**
Turkstra
BAKKERY
**ook te kry by u kafeteria**

# PUK VEROWER DIE A.T.K.B.-BEURS

**MARIËTTE Ferreira, 'n tweedejaarstudent aan die P.U., het onlangs op 'n nasionale kunsfeeswedstryd van die Afrikaanse Taal- en Kultuurbond uitstekend presteer en 'n beurs van R200 ontvang.**

Mariëtte is reeds goed bekend as eersterangse tennisspeelster en dié veelsydige nooi is ook versot op ballet en moderne danse.

Sy het vir sewe uit die moontlike vyftien items ingeskryf en was ook die wenner van 'n goue medalje vir haar skitterende vertolking van Zerbinetta uit Jakkalsstreke van Scapino, van Moliére.

In die afdeling voordrag en toneel het studente van die P.U. weer soos verlede jaar met die pryse weggeloop. Pieter Fourie het ook 'n goue medalje ontvang en onder die ander finaliste van die P.U., was Hannetjie Beukes en Ansie Booyens. Die enigste ander wenner was Braam Cilliers van die Universiteit van Pretoria.

In die afdeling vir sang en musiek het Ria Lemmer, Rina Hugo en Johan van der Merwe ook uitstekend gevaar.



*Mariëtte Ferreira, wenner van die A.T.K.B.-beurs van R200, in aksie. Mariëtte is ook 'n kranige tennisspeelster en stel intens belang in ballet en moderne danse. (Foto: Fotokuns).*


Cachet Modes

(EDMS.) BPK.

Tomstraat 92 — Telefoon 5032 — Potchefstroom



Die winkel waar die kieskeurige dame koop


# LOKVAL VERRASSEND - SPELERS SKITTER

**HIERDIE IS 'N VERRASSINGSAAND. — Verrassende wendinge in die stuk self, 'n verrassende klimaks en verrassendste van alles: verrassend goeie toneelspel. 'n Mens gaan nie na 'n opvoering deur studente met die doel om rafels en rygsdrade uit te snuffel nie, maar selfs die hiper-kritiese oog sal in Thalia se opvoering van Lokval vir 'n eensame man, veel vind om te waardeer en geniet.**



*Die ligsensasie van Revue '69. (Foto: Fotokuns).*

**'n Man het sy vrou vermoor, maar gee voor dat sy hom verlaat het. Die polisiekommissaris weier om hom te glo en so speel elk sy eie spel met die doel om die ander — en die gehoor — te uitoorlê.**

Oop-oë word die toeskouer in die val gelok, die web word versigtig om hom gespin en hy ondervind ook die magtelose gevoel van benouing as die kommissaris die verdoemende getuienis teen die moordenaar opstapel.

Hierdie spanning word aan die einde van die stuk saamgetrek in die patetiese, krampagtig gespanne figuur van Faan Gouws, wat deurentyd goeie spel gelewer het. Sy effe hortende manier van praat het aanvanklik gehinder, maar beeld sy verwarde gemoed en geestelike uitputting onoortreflik uit. As die dronk man, was sy spel skitterend.

Soos 'n groot spinnekop sit die kommissaris in die middel van die web waarin die moordenaar uiteindelik gevang is. In hierdie rol het Folkert van Graan oortuigende spel gelewer. Hy het gespeel met die bewustheid van sy dubbele rol, was beurtelings simpatiek, ongenaakbaar, bars, terwyl hy dodelik sekuur die kring al nouer trek om die skuldige.

As al die gebeure miskien nie kristalhelder in hul samehang is nie, vergeef ons die kommissaris dit graag: dit was slegs sy eerste groot saak.

Sandra Ferreira is nog 'n beginner in die toneelwêreld, maar sy verdien alleen die grootste lof vir haar vertolking van die dubbele rol as „vrou" en spesiale agent. Sy het 'n warm, ryk verhoogpersoonlikheid, spontaan en gul aanvanklik, kalm en spottend by tye, en telkens keer daardie tartende laggie van haar terug om die twyfel te verskerp. Elke stemtoon, elke gevoelsnuanse is daarop gemik om 'n bres in die skuldige se verdediging te slaan. Haar beheersde spel was veral skitterend in oomblikke van dramatiese spanning.

Adri van Staden was die priester in elke woord en gebaar: die apologetiese glimlag, senuweeagtig verstrengelde vingers en sy huiwerige, dog rustige manier van praat.

Met sy oortuigende gelaatspel en mimiek was Solly Thomas beurtelings die takhaarskilder en die beteuterde boemelaar, en ook Henriette Brand het oortuig as die eksentrieke verpleegster.

Agter hierdie geslaagde opvoering staan weer eens Elize Scheepers, die regisseuse. Sy verdien die sukses wat die stuk vergesel het, nie alleen danksy haar keuse van spelers nie, maar die afgerondheid van die hele opvoering, wat getuig van baie ure se skaaf. Sy ken die stuk deur en deur en daar is dele wat spreek van 'n fyn dramatiese aanvoeling.

Wat die tegniese aspek van die aanbieding betref, was daar 'n paar krapplekkies. Die dekor was nie stewig genoeg nie, maar dit is begryplik as 'n mens dink aan die lang toer wat hulle agter die rug het.

Die grimering was nie met die nodige toewyding aangepak nie en daar was tye wat die verhoog heeltemal onderbelig was.

Thalia het daarin geslaag om met hierdie aanbieding die gehoor van die eerste oomblik af te boei, en die spontane applous kan beskou word as genoegsame aanduiding van die geslaagdheid van die opvoering.



*Alabama, die opspraakverwekkers. (Foto: Fotokuns).*

## Natuurweten-skappe besigtig

**DIE SPESIALE besigtingsweek van die Universiteit van 18 — 23 Augustus is die hoogtepunt van die eeufeesviering van die fakulteit Natuurwetenskappe.**

## Oud-studente, huidige studente, ouers van huidige en oud-studente,

**DIE EEUFEESKOMMISSIE** van die **Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys** en die **Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika** nooi u hiermee vriendelik uit na

**DIE HOOGTEPUNT VAN DIE EEUFEESVIERING**

te Potchefstroom op 3, 4 en 5 Oktober 1969.

**Die program is kortliks soos volg:**

**VRYDAG 3 OKTOBER 1969** (Al die verrigtinge in die Sentrale Eetsaal).

11.00 vm. Opening en feesrede deur prof. J. Chris Coetzee oor: Die Teologiese Skool en die P.U. vir C.H.O. in historiese perspektief.

2.30 nm. Feesrede deur prof. H. J. J. Bingle oor: Die P.U. en die Teologiese Skool in toekomsperspektief.

8.00 nm. 'n Massaspel deur die dept. Spraakleer en Drama ter uitbeelding van die geskiedenis van die twee inrigtings.

**SATERDAG 4 OKTOBER 1969**

9.30 vm. Feesrede deur prof. S. P. van der Walt oor: Tot dankbetuiging geroep (Sentrale Eetsaal).

2.30 nm. Spesiale gradeplegtigheid met toekenning van ere-grade (Olën-sportterrein).

7.30 nm. Uitvoering deur die S.A.U.K.-simfonie-orkes o.l.v. Anton Hartman, feesrede deur Sy Edele die Eerste Minister en Eeufeeskantate met koor en soliste.

**Plekbespreking vir konserte op 3 en/of 4 Oktober 1969**

Hoewel die massaspel op Vrydagaand 3 Oktober deur die S.A.U.K.-Simfonie-orkes en die opvoering van die Eeufeeskantate met koor en soliste op Saterdagaand 4 Oktober **gratis** is, word van feesgangers verwag om voor 1 September 1969 hul plekke te bespreek omdat die getal sitplekke beperk is.

**Damvakansieoord**

Staanplek vir karavane en tente is onbeperk beskikbaar.

Rondawels en vakansiehuise word ook te huur aangebied.

Volle besonderhede is van die Vakansieoordbestuurder, Damvakansieoord, Posbus 123, Potchefstroom (telefoon 5144) verkrygbaar.

Besprekings vir plekke moet nie later nie as 31 Augustus 1969 regstreeks by die Vakansieoordbestuurder gedoen word. Staanplek vir karavane en tente hoef nie bespreek te word nie.

**VERBLYFREËLINGS**

**Koshuise**

Volle losies is beskikbaar teen R2.50 per dag vir volwassenes en R1.25 vir kinders onder 12 jaar.

Besprekings moet gemaak word nie later as 31 Augustus nie by: Die Eeufeeshuisvestingskommissie, P.U. vir C.H.O., Potchefstroom. Foon 5442.

# NUSAS BEKOMMERD OOR EIE RIGTING

**NUSAS-KONGRESSE haal gereeld die koerante met hulle besluite, mosies, voorstelle en uitstappery. Die pasafgelope kongres van die liggaam in Kaapstad was dan ook geen uitsondering op hierdie gebied nie. Die Nusas-afgevaardigdes het byna nie 'n vergaderplek gehad toe die Universiteitsraad van Natal sy vergunning ingetrek het dat die kongres in Pietermaritzburg gehou kon word. Wangedrag van vorige kongresgangers is as rede aangevoer. Die Ikeys moes toe maar gasheer speel.**

Hier is van die belangrikste gebeure op die kongres:

★ 'n Voorstel dat die landsvlag op Nusas-kongresse gehys moet word, is uitgejou.

★ Prof. O. Horwood, rektor van die Natalse Universiteit, en die radioprogram, Sake van die Dag, is skerp aangeval.

★ Verskeie Nusas-lede was bekommerd oor die rigting wat die organisasie inslaan. Daar is beweer dat studente deskundiges op die gebied van proteste is maar dat hulle nie weet waarheen hulle op pad is nie.

★ 'n Mosie is aangeneem waarin die Universiteitsraad van Turfloop versoek word om studente aan die inrigting toe te laat om met Nusas te skakel.

★ As nuwe President is verkies mnr. Neville Curtis wat, volgens berigte, 'n meer uitgesproke en militante persoon is as sy voorganger. Onder sy leiding sal Nusas blykbaar steeds verder links beweeg en meer uit voeling raak met die meerderheid Engelssprekende studente.

## EKONOMIESE LESING

OP Dinsdagaand 12 Augustus bied die fakulteit ekonomiese wetenskappe 'n lesing aan wat groot byval behoort te vind. Dr. A. S. Jacobs, 'n bekende ekonoom, sal by hierdie geleentheid praat oor die ekonomiese ontwikkeling van Suid-Afrika sedert 1945. Die lesing begin om 8.00 nm.

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

★ **BOEKE VIR STUDIE EN ONTSPANNING**

Nou OOK

'n wye keuse vir

★ **PLATE**

by

**PRO REGE - PERS BEPERK**

„DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL"

Tomstraat — Telefoon 3421 — Potchefstroom.



# Die Groep wat wêreldwyd wandel.

Die Argus-groep se wyk dek die hele wêreld. Daarom sal u ons verslaggewers dwarsoor die aardbol aantref.

Dis maar net een van die redes waarom die Argus-groep een van die wêreld se groot koerantorganisasies is. Die grootste in Afrika — met die omvattendste plaaslike en buitelandse nuusdiens. 'n Nuusdiens wat u die nuus aanbied in Johannesburg, Kaapstad, Durban, Pretoria, Bloemfontein en Kimberley so gou soos enige koerant van wêreldformaat. Daar's Argus-kantore in Londen, New York, Washington. En Argus-korrespondente dwarsdeur Afrika, Europa, Amerika, Asië, Australasië.

Argus-publikasies is 'n groep van puik Suid-Afrikaanse koerante en tydskrifte. En niemand is meer Suid-Afrikaans as ons nie.

*Koerante:* The Star. The Cape Argus. The Daily News. The Sunday Tribune. The Pretoria News. The Friend. Diamond Fields Advertiser. Cape Herald. The World. Weekend World. Ilanga.

*Tydskrifte:* Personality. Femina. Farmer's Weekly. Garden and Home. Photography and Travel. S.A. World of Sound.

**a**

Die Argus-groep van publikasies.
Ons stem is Suid-Afrikaans. Ons visie wêreldwyd.

# Europese atletiektoer lewer puik prestasies op

**DIE PUK-ATLETIEKSPAN het Maandag weer op Jan Smuts aangekom na hulle suksesvolle toer deur Europa. Afgesien van die ondervinding en ervaring wat die atlete opgedoen het, het hulle ook puik prestasies gelewer.**

## - BOIKOTTE MISLUK

**Fanie van Zijl, houer van die S.A.-rekord in die 1500 en 5000 meter het gesorg vir twee nuwe rekords. In Zürich het hy die S.A.-rekord in die 1500 meter verbeter tot 3 min. 41.1 sek. Ook het hy die 1000 meter — 'n item wat selde in Suid-Afrika beslis word — in die nuwe rekordtyd van 2 min. 21.5 sek. tydens 'n byeenkoms op Bayreuth afgedraf. In die wedloop het hy Walter Adams van Wes-Duitsland, wat vierde was in die 800 meter op die Olimpiese Spele (1968) die tweede keer met 1 min. 45.8 geklop.**

Sodoende het van Zijl die houer van drie S.A.-rekords geword. Indien die atletiekbase dit sou oorweeg om hierdie nommer 'n gereelde instelling op Suid-Afrikaanse atletiekbyeenkomste te maak, behoort van Zijl die wêreldrekord hierin te oortref.

Bea Marais het tydens die Britse kampioenskappe die skitterende tyd van 2 min. 5.3 sek. aangeteken in die 800 meter. Dit is 1.2 sek. beter as Anne McKenzie se S.A.-rekord. As in aanmerking geneem word dat dit 2.5 sek. beter is as haar vorige beste tyd, is hierdie nuwe S.A.-rekord 'n des te groter prestasie.

Willie Coetzee, houer van die S.A.-rekord in die hoë hekkies, het herhaaldelik die puik tyd van 14 sek. aangeteken. Tydens die Britse kampioenskappe in White City, Londen, het Willie presteer deur die Britse titelhouer in die 110 meter hekkies te word. Hy het Alan Pascoe van Brittanje geklop met 'n tyd van 14 sek. Pascoe was tweede in dieselfde tyd.

Tydens die Walliese Spele het Van Zijl die 5000 meter gewen in 14 min. 13.0 sek. Bea Marais was tweede in die 800 meter met die tyd van 2 min. 9.7 sek. Willie van der Westhuizen het in die A-afdeling in die 200 meter vierde geëindig in 21.9 sek. terwyl Willie Coetzee, met die afwesigheid van hekkiesnommers, in die 200 meter deelgeneem het en in die B-afdeling ook vierde geëindig het met 21.8 sek.

Brummer en Laubscher het onderskeidelik sesde en sewende geëindig in die 1500 meter in die tyd van 3 min. 54.6 sek. en 3 min. 55 sek. George Müldner het 'n kniebesering opgedoen wat hom van verdere deelname weerhou het.

Die toerspan het ook die invloed van politiek op sport gesmaak toe die Ethiopiese span in Keulen en weer in München geweier het om deel te neem indien die Suid-Afrikaners ook deelneem. Hierop het die Wes-Duitsers hul uitnodiging aan die Pukke teruggetrek. Gelukkig is ander byeenkomste gevind waaraan die Pukke toe deelgeneem het, sodat hulle program steeds vol gebly het.

In Zürich, Switserland, het die Pukke en die Ethiopiese span weer by dieselfde byeenkoms aangeland. Toe hulle weer weier om teen die Suid-Afrikaners deel te neem, het die Switsers grootmoedig vir die Ethiopiërs plek op die pawiljoen ingeruim.

Met die Britse kampioenskappe was die Pukke se deelname weer eens in die weegskaal, maar net soos in Zürich, het die Britse atletiekbase verklaar dat dit 'n ope byeenkoms is en dat die Pukke welkom was. As gevolg hiervan het die Ghanese span onttrek. Daar was betogings teen die Suid-Afrikaners op die baan, maar die mooi houding van die Engelse het vrugte afgewerp toe Willie Coetzee die Britse titelhouer in die 110 meter hekkies geword het.

## AFSPRAKE

Vrydag en Saterdag 8 en 9 Augustus: Alabama se derde en vierde opvoerings op Potchefstroom.
Maandag 11 Augustus: Die Koeckert-Strykkwartet, een van die wêreld se mees gesogte kamermusiekgroepe in die Konserwatoriumsaal om 8.00 nm.
Woensdag 13 Augustus: Korps V.V. Programvergadering.
Saterdag 16 Augustus: Intervasity.

**HET U ENIGE TIKWERK TE DOEN?**
Kontak mev. H. van Rooyen, Steynstraat 5, Baillie Park, Potchefstroom, of
Skakel mnr. G. van Rooyen by 2251.

*DIE WAPAD word gedruk vir die eienaars en uitgewers, die Studenteraad van die P.U. vir C.H.O., deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Olënlaan 11, Potchefstroom. Tel. 3245.*

**U kan gerus u bande versool by . . .**
**GOLDEN WEST RETREADERS**

'N VOLLEDIGE BANDEDIENS ONDER EEN DAK
Groot voorraad
★ NUWE en VERSOOLDE bande
Versoling nou ook verkrygbaar in die
★ GOODYEAR G 800 loopvlak
LOMBARDSTRAAT 37 — POTCHEFSTROOM
(Skakel 3297 vir betroubare diens en laagste pryse)

GEE 'N MAN 'N LUCKY!


VERVAARDIG IN SUID-AFRIKA EN RHODESIË